*Maandag* **31 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 150 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 150:6**

**Alles wat lewe, moet die HERE loof**

Hierdie lied is die doksologie, die hoogtepunt, van die Liedereboek *Tehelim*. Elkeen van die vyf boeke in die Psalms eindig met ’n soortgelyke doksologie. Hier egter is die samevatting van al die liedere. Dit is die uiteinde, die oploop van die hele liedereskat: Loof die HERE! Dit is ’n simfonie van lof, as’t ware ’n loftriomf van oorwinning.

Alles wat lewe, moet die HERE loof. Daar is niks wat uitgesluit word nie. Alles wat uit God bestaan, moet tot Hom bestaan. Die ganse skepping, en alles daarin moet die Skepper eer. Die skepping self word opgeroep tot lof en aanbidding. Die wonderlike van hierdie oproep vind ons reeds in die bladsye van Openbaring.

Ons sien hoe die ganse skepping rondom die troon van God staan en aan Hom lofsange sing. Eer aan God, Halleluja. Elke keer as die oproep kom om God te prys, en aan Hom die lof en aanbidding en eer en heerlikheid te bring, roep die skepping uit: Halleluja!

Hoe lyk jou lewe? Is jou hart gerig op die eer van die Almagtige? Is jou lewe ’n doksologie van God se lof? Daarvoor het die Seun van God Self in hierdie wêreld gekom. Sodat ons in Hom en deur Hom tot God mag leef. In Christus Jesus vind ons lewe ’n doksologie, ’n loftriomf in die oorwinning oor die sonde en die dood.

Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

*Sing: Psalm 150-1:1, 2, 3*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Centurion)*